JOHANNES PETRICK

~ God Bless His Soul ~

Cape-Orange Diocese (ELCSA)

www.elcsacod.co.za

Full Names	**Johannes Friedrich Petrick**

The following synopsis was retrieved from a book titled *"The Berlin Missionaries in South Africa and their Descendants"* (1984).

Johannes Friedrich, * Burg-Spreewald, Niederlausitz, dist. Cottbus, Pruise 21.4.1863, † Pretoria 19.1.1936, s.v. Gottlieb Petrick en Christiane (Petrick), x 3.7.1894, Anna VON DER GOLTZ, * 3.12.1866, † 1.8.1954, d.v. Baron Oskar von der Goltz en Bertha Tritschler.

Johannes voltooi sy skoolloopbaan op Burg en nadat hy 'n tyd lank in Berlyn gewerk het, dien hy drie jaar as soldaat in die Duitse leer. Na sy ontslag sluit hy hom by die Berlynse Sendinggenootskap aan en na sy opleiding as sendeling voltooi is, word hy in 1891 na Sjina gestuur. Nadat hy 'n jaar lank Sjinees geleer het, word hy na Suid-Afrika verplaas, aangesien hy die klimaat in Sjina nie kon verduur nie. Hy bly by Brune in Adamshoop totdat hy die nodige taalbevoegdheid gehad het en in 1894 word hy benoem as sendeling van Douglas. Hier het hy eiehandig die kerk, skool en woonhuis gebou. In 1902 is hy na Adamshoop verplaas en moes hy die sendingstasie, wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog verwoes is, weer opbou. Beide in Douglas en Adamshoop het hy feitlik as dokter en tandarts gepraktiseer, nie alleen onder die Kleurlinge nie maar ook onder die Boerebevolking wat lang afstande gekom het om deur hom behandel te word.

In 1907 en 1908 was hy met sy hele familie in Duitsland, waar hy baie moes rondreis om sendingfeeste dwarsdeur die land te hou om die belangstelling vir die sending te bevorder. Johannes word in 1912 na Middelburg verplaas waar hy tot 1923 gewerk het. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog toe die Berlynse Sendelinge jare lank byna geen salaris ontvang het nie, het hy nie sy werk gestaak nie, maar het lang distansies, 120 km en soms meer, per fiets afgelê. In 1923 word hy na Laingsburg verplaas en was hy werksaam al langs die treinspoor van die Hexrivierberge tot De Aar. Die langdurige treinreise het sy gesondheid ondermyn en hy moes in April 1931 na veertig jaar diens as sendeling, aftree. Hy vestig hom op Lydenburg, waar hy soms vir Schwellnus in sy uitgebreide gemeente gehelp het.

b1 Friedrich Martin, * 21.10.1895, † 21.7.1898.
b2 Martha Bertha, * Douglas 14.2.1897, † Pretoria 9.1.1975, onderwyseres, x Laingsburg 7.7.1928, Karl Otto Ernst MÜLLER, * Grünberg Silesië, Duitsland 1.8.1873, † Lydenburg 21.6.1961, sendeling (sien MÜLLER).
b3 Maria Anna, * 18.2.1899, † 21.11.1900.
b4 Friedrich Oskar, * 15.12.1901, x 3.1.1930, Margaretha Theodora Susanna Alma WINDISCH, * Beaconsfield, Kimberley 13.11.1905, d.v. Georg Carl Windisch, sendeling (sien WINDISCH).

Friedrich (Fritz) het in 1922 'n B.Sc-graad aan TUK (tans Universiteit van Pretoria) behaal en was een van 'n groep van elf studente aan wie die Hoër Onderwys Diploma (HOD) vir die eerste keer in 1923 toegeken is. Fritz was van 1924 tot 1964 onderwyser en werk na sy aftrede in 'n tydelike hoedanigheid by die Provinsiale Visseryinstituut op Lydenburg.